# JEUGLES - Gebedsaand

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. YSBREKER: Gebeds – ballonne

- Gooi 'n klomp opgeblaasde ballonne op die vloer
- Speel musiek – elke kind moet probeer om ten minste een ballon te laat bars
- Binne-in die ballon is daar iets wat die kind oor moet bid
- Wanneer al die ballonne gebars is, laat die kinders in hulle groepies sit en saggies bid vir die wat op hulle papiertjies geskryf staan.
- ***(die leiers moet asb die vorige week genoeg ballonne en gebedsblaaitjies kry en die ballonne met die blaadjies in vir my opblaas en Woensdagaand 2 Augustus vir my saambring EPIC Jeug toe)***

## 3. WAT IS GEBED? Gebed is wanneer ons met God praat

## 4. HOEKOM BID ONS?

- as jy 'n vriend het, wil jy graag met hom/haar gesels, en jy wil weet wat hulle dink en hoe hulle voel oor goed?
- vriende praat met mekaar – oor belangrike en onbelangrike goed
- hoe kommunikeer julle met julle vriende? (facebook/whatsapp/ instagram/ens)
- so nou vra ons die vraag – hoekom bid ons?
- Jesus noem ons Sy vriende, en daarom wil Hy graag hê dat ons met Hom moet praat soos wat jy met jou vriend sal praat
- as God 'n "Facebook" page gehad het – dink jy Hy sou JOU ge-"friend" het?

## 5. BAGASIE:

- Party van julle se antwoorde op die vraag sal dalk 'nee' wees, want jy voel daar is te veel 'bagasie'/ 'gemors' in jou lewe en dat God jou nie as 'n vriend sal WIL hê nie.
- Kom ons kyk gou na die volgende twee videoclips:

- ***<u>VIDEOCLIP 1</u>***: onetimeblind – Trash

- ***<u>VIDEOCLIP 2</u>***: Our mess, God's masterpiece

- ***<u>Aktiwiteit</u>***: elkeen kom haal self vir julle 'n stukkie Rommel/trash – skryf JOU bagasie vanaand daarop neer en gooi dit in die swartsak

- ***<u>Bid</u>***: wanneer jy klaar is raak jy rustig stil by jouself en bid oor jou Rommel/trash en vra vir Jesus om dit vir jou te dra en van af weg te neem. Hy belowe in Sy Woord dat as jy met jou sonde/tash/Rommel na Hom gaan, Hy dit wegvat, MAAR soos die videoclip help dit nie jy vat dit elke keer weer terug nie, want dan help dit nie en beteken dit niks nie.

## 6. FAMILIE en VRIENDE:

- Elke groep gaan nou 'n 'gebedsketting' vir almal in die groep se families maak.
- Elke leier kom kry stukkies papier, penne, sellotape en skêre by my
- Elke kind kry een stukkie papier waarop hulle familie en vriende se name neerskryf wat hulle oor bekommerd is wat God nog nie ken nie.
- Wanneer die ketting klaar is staan of sit die groep waar hulle is, hou die ketting vas en bid oor die name in die ketting (groepleiers gebruik asb diskressie, jy ken jou kinders en weet wie sal bid en wie nie, so hanteer dit soos jy jou groep die beste ken asb)

## 7. LIG VIR DIE WêRELD:

- ***Illustrasie 1:***
- Al die leiers gaan staan in die saal en kry elkeen 'n kers wat nie aangesteek is nie
- Sit al die ligte in die kerk en die saal af – laat iemand stadig van afgter af met 'n kersie ingestap kom
- Elke keer wanneer die persoon halfpad is kom die volgende leier met 'n kers in totdat al die leiers in hulle groepe met 'n kers sit

- ***Process***: hoe het dit aan die begin gelyk toe AL die ligte af was? En toe die leiers een vir een ingekom het?

- ***Bespreek in die groepe***: Wat leer julle hieruit?

- ***Lees***: 2 Korinthiërs 5:17: Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

- ***Illustrasie 2***:
- Hou die bottel met water op. Voordat ons ons harte vir Jesus gee, is ons soos hierdie bottel. Nie veel gaan aan nie. Daar is nie lewe nie. (Gooi water in glas.) Heel boring. Soos die kerk sonder ligte.
- Hou nou die bottel met Sprite in die lug. Wanneer ons ons harte vir Jesus gee, gebeur daar iets amazings. Hy vat daai ou boring mens en maak ons nuut. Hy maak ons vol van Sy lewe.
- Maak die Sprite oop. Luister sommer as ons dit oopmaak, klink dit anders. (Gooi dit uit in glas) Kyk al die borrels. Soveel anders as die ou mens ne? Soos toe die leiers met hulle kersies ingestap het – daar was lig en jy wou naby die een met die lig sit in die donkerte

- ***Bid***: dat God jou sal help om reg te leef, al is dit hoe moeilik.

- ***Skryf neer***: een ding op die blaaitjie wat jy sommer nou dadelik gaan probeer doen om vir ander te wys dat jy 'n nuwe mens in Jesus is. Dat jou liggie helder vir Jesus brand.

- ***Plak***: die blaaitjie op die commitment deel om te wys dat jy onderneem om nuut te leef.

## 8. WAT HET JY VAN GOD NODIG?

- ***Lees:*** Matt 11:28 “Kom na my toe, almal wat uitgeput en oorlai is, en Ek sal julle rus gee:
- Skryf julee gebedsversoeke – dit wat julle van God nodig het – op ‘n papiertjie en gaan druk dit in die gebedsmuur in.
- Wanneer hulle klaar is gaan hulle terug na hulle groepe en gaan bid daaroor.

## 9. SLUIT AF MET DIE LIEDJIE – We Believe

## 10. SLUIT AF MET GEBED EN KRY JULLE SELFONE